



TOULEIER



Kamermaatjie spog met my baasresep

Vandeemaand breek ons weer bietjie weg van die reisverhaal en kom skep ons asem hier op eie bodem. Sommer hier in Onrus, vlak neffens Hermanus, vir die Tronsvôlers wat nie weet waar Onrusrivier is nie.

Kamermaatjie het gevra of sy nie asseblief die maand se touleier kan skryf nie. Hier is wat sy op ons plat tikmasjien kom tokkel het:

Hallo julle, eers net vir die rekord, vir dié wat steeds wonder, ek is reeds 38 jaar wettig getroud met die man, al klink kamermaatjie partykeer so effe sedeloos. Ons was terloops die enigste paartjie wat in die kerk op Pomfret getrou het.

Een van die minder goeie gewoontes van Hennie wat ongelukkig in die loop van die jare aan my afgegee het, is die gewoonte om ook 'n storie soms vêr te gaan haal. Gun my die plesiertjie.

Gedurende ons jare oorsee het ons twee verslaaf aan RSG geraak en ons luister steeds gereeld daarna al het ons ook diep in TV se sepiesloot kom val. So luister ons nou die dag weer na Amoré op tjailatyd en ek besluit ek moet net eenvoudig Hennie se nuwe poedingresep aan die volk bekend stel.

Dis veral omdat die bestanddele so mooi help getuig van die lekker gees wat hier in die NG Kerk van Onrus se gemeente heers. Dis gemaak van bestanddele wat saamsmelt in 'n heerlike soet ervaring. Ek noem dit Manlief se Nagmaalbroodpoeding. Hy het aanvanklik teruggestaan as dit by bak en brou kom. Sy twee nabygeleë en ook afgetrede skoolvrinne van standerd vier af al is egter twee uithaler sjefs wat boer in die kombuis. Hy moes toe maar net uithaal en wys. Hier is sy nuutste konkoksie.

Gebruik 'n gesmeerde broodpannetjie, dis mos 'n broodpoeding. Neem nou die oorblyfsels van laas Sondag se nagmaalbrood nadat ds. Clifford in die wyk kom nagmaal hou het. Gooi dit saam met die korsies wat voor die tyd afgesny is. Stel solank die oond op so tussen 160 en 190 grade. Die ander droë bestanddele is rosyntjies, so 'n hand vol. In ons geval kom dit uit 'n pakkie wat nog saamgekom het uit die Midde-Ooste. Sommer 'n hele paar eetlepels van daardie lekker appelkooskonfyt wat Gesina vir my gegee het by die kerk se klerekas-oggend waar ek elke week uithelp. Moenie skaam wees met die konfyt nie. Laastens strooi mens kaneelpoeier oor die hele spulletjie nadat jy die rosyntjies en die konfyt so 'n paar keer deur die nagmaalbrokkies en korsies gemeng het. Volgende is die botter. Ek koop gewoonlik 'n blok botter waarmee ek kook en sny dit dan in sulke halfduim kleiner blokkies. Ons gebruik botter in omtrent alles. Neem so 'n hand vol of twee daarvan en smelt dit in die mikrogolfoond. Hierin klits jy dan een of twee eiers saam met 'n halwe koppie suiker en 250ml room en gooi dit oor die stukkies brood en wag so 'n paar minute totdat dit goed opgesuig is.

Ná 25 minute in die oond draai jy die hitte op hoogste stelling en rooster die poeding totdat die kors begin tekens toon van brand. Dit is 'n kritieke stap om te sorg dat daar so 'n lekker krakerige bruin karamelkors rondom die poeding vorm. Haal uit die oond en laat dit effe afkoel terwyl jy vla of room of roomys of al drie gaan soek om bo-oor te geniet. Skep genoeg in sodat jy nie hoef vuis te slaan oor 'n tweede porsie nie.

Miskien kan 'n mens volgende keer 'n skeut van daardie nagmaalwyn ook inwerk. Kan net werk.

Soetgroete uit Onrus,

Annabelle

Om die kampvuur



BLOODY MARY

In Pretoria-Afrikaans heet dit glo 'n moermeraai.

Nederlanders

ken nie die woord swaai nie = dis 'een schommel'. En 'n grassnyer is 'een grasmaaier.'

Afrikaanse sêgoed

Afrikaans is ryk aan sêgoed, ook oor die dood.

Hier is 'n paar waarvan sommige straks minder bekend is.

Hy het die Jordaanrivier oorgesteek.

Hy het sy houtpak aangetrek. (Kaapse sêding.)

Oor die straat gestap

Hy is die laaste rooидуин oor. (Noord-Kaap.)

Hy is lang bome toe.

Hy is bokveld toe.

Hulle het hom ingespit.

Hy't daai swart Cadillac gery.

As mense in jou ouderdomsgroep begin doodgaan:
"Hulle begin nou in ons bos te kap."

Hy het wolk gevat.

Hoezit, my bra?

Gids vir buitelandse besoekers

Aikôna!	No way!
Bakkie	Pick-up truck
Bokkie	Sweatheart
Cherrie	Girlfriend
Cozzie	Swimsuit
Dof	Stupid
Dorp	Small town
Fundi	Expert
Howzit?	How are you?
Izzit?	Is that so?
Jolling	Having fun
Just now	Sometime soon
Now now	Sooner than just now
Lekker	Nice
Miggie	Small little bug
Mozzie	Mosquito
Muti	Medicine
My bra	My brother
My china	My friend
Takkies	Sneakers
Trek	Journey
Tsotsi	Thief
Skelm	Thief
Yebo	Yes
Boerewors	Spiced beef sausage
Biltong	Dried spiced beef
Voetsek!	Bugger off! Get lost!
The moer in	Very upset
Eina!	Ouch!

IDIOME

Afrikaans is besonder ryk aan idioome. Idioome in Afrikaans is nie noodwendig in Engels of in ander tale beskikbaar nie. Die omgekeerde is egter ook waar.

Jy kan dit vir die bobbejane vertel Ek glo dit nieDie direkte vertaling van idioome kan tot foutiewe (en soms komiese) vertalings lei.

As voorbeeld: "Jan skiet 'n kat" beteken nie noodwendig dieselfde as "Jan shoots a cat" nie, maar moet na gelang van die konteks eerder vertaal word as "Jan is vomiting."

Enkele voorbeelde:

'n Adder in eie boesem hê – 'n Verraaier / indringer / skelm

'n Appeltjie te skil – Iemand uittrap of redeneer oor 'n saak

Van bakboord na stuurboord stuur – 'n Persoon herhalend na ander persone verwys / Instruksies gee wat onnodig kompleks is.

Balke saag – Erg snork

Piet is been-af op Sannie –

Piet is verlief op Sannie

Water uit 'n klip tap – Om met min die onmoontlike reg te kry.

Jy kan dit vir die bobbejane vertel – Ek glo dit nie.

Duskantlander in Anderkantland

Sing vir 'n houtpop

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.



Vanoggend, toe ek die wasmasjien laai, merk ek 'n houtpop uitsteek by die skropvrou se oopbek handsak. Nuuskierigheid vat die oorhand en al my maniere vlieg die deur uit; so loer ek skelmpies hoe lyk husse met lang ore.

Al wat ek raaksien, is een moeg opgeleeste Bybel en die houtpop. Dis nie sommer so houtpop nie – dis 'n handgekerfte platkop ene met 'n rooi string kraletjies om die middellyf. Heel oggend is ek doenig in die kombuis en betrap myself ek loer na die houtpop wat my dophou. Teen voormiddag kan ek myself nie meer inhou nie en vra vir Judith, die skropvrou, wat maak sy met die houtpop wat halflyf uit haar handsak hang.

Eers is Judith halfskaam, maar nadat ons elkeen met teebeker in die hand staan en slurp, kom Judith met die houtpop se storie uit.

Judith is anderkant van dertig en sy dink dis tyd om 'n kind te kry. Nou het sy my volle aandag, want ek weet sy's nie verlief, verloof of getroud nie. Sy vertel sy is na haar stat se medisyneman wat ná 'n ritueel vir haar die fertiliteitspop gegee het.

“Nou wat maak jy met die pop?” wil ek weet. Judith haal haar bont lap uit en wys my hoe sy die pop op haar rug knus vasdraai sodat sy dit kan abba en in privaatheid saamdra. “Seker maar hoekom die kop so plat is, om beter weg te steek”, sê ek. Nee, dis eintlik spesifiek vir mooigeit – sy wys die hoë voorkop en die rondgeit van die kop belooft 'n slim baba. Sy beskryf die prag van amandelvorm oë, en die halfmaan wenkbroue en die fyn besnede neus – elke moeder se droombaba. Judith hou die popkop sag in die holte van haar hand en wys dat die houtpop ook speel-speel gevoed kan word. Teen dié tyd staar ek met koue beker tee in die hand en vat-vat aan die koue kombuisblad sodat ek weet ek droom nie.

Sy wys dat die pop aan die slaap gesus word en ook gebad word net soos 'n regte baba. Ek trek my oë op skrefies en vra onoortuig of die houtpop dan 'n naam het. Natuurlik! Hierdie pop is 'n eg Ashanti fertiliteitspop, genoem “Akua 'ba” wat beteken ‘meisie gebore op 'n Woensdag, se kind’. Gedoriewaar, ek is onseker of sy gatvat met hierdie storie, maar sy bekijk die platkoppop met diepe deernis.

Dit is die meeste wat ek Judith ooit hoor gesels het – seker iets van hoe ek haar aangaap, besluit sy dis genoeg en woeps, droog haar storie op.

Namiddag hoor ek haar neurie en sing terwyl sy in die agterkamer stryk. In die gang merk ek op, die pop is vasgebind op die rug – nou dat die popstorie op die lappe is, kan pop se kind openlik in lap rondgedra en voor gesing word.

Ek verwonder my aan hoe onkundig ek is oor die kultuur van Ghana se mense. Op die internet lees ek die houtpoppe is sedert toet se jare deur vrouens in die familie aan hul dogters aangegee.

Soms word 'n pop rondgedra tydens die swangerskap om 'n gesonde baba te verseker. Partykeer word die houtpop weer teruggegee aan die medisyneman, of in die huis as dekorasie uitgestal wat die gesondheid van kinders beskerm. Hoe dit ook al sy, hierdie stukkie kultuur het sy oorsprong diep in Afrika, lank voordat die sendelinge die Bybel hierlangs kom versprei het. Hierdie poppe word net in Ghana gevind, maar is nie algemeen in die markte verkrygbaar nie. Toeriste koop ten duurste hierdie Ghana poppe as stukkie egte Afrika kuns.

Skielik sien ek Judith in 'n ander lig. Sy het 'n lang plan vir haar toekoms. In Afrika, as sy na dertig kan bewys dat sy wel vrugbaar is, en kinders baar, is dit heelwat makliker om man te vang.

Met haar houtpop knus toegewikkel, is Judith die ene lipstiek en rooswater oppad huis toe! Miskien het iemand al vir haar die bytjie- en blommetjies storie vertel?



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

Elke keer as ek 'n slaai maak



maak ek 'n gemors daarvan

PROBLEME VIR MOHAMMED

"Wat is nou naam?" vra die onderwyser.

"Mohammed," antwoord hy.

"Maar nou is jy in Ierland, so van nou af is jou naam Mike."

Mohammed kom tuis ná skool.

"Hoe was jou dag, Mohammed?" vra sy ma.

"My naam is nie meer Mohammed nie. Ek is nou in Ierland en my naam is Mike."

Sy ma is boos. "Is jy skaam vir jou naam? Wil jy jou ouers in oneer bring, jou geskiedenis, jou geloof? Skaam jou!"

Sy gee hom 'n helse pak slae. Toe roep sy sy pa, wat hom ook goed glooi het.

Die volgende dag daag Mohammed vol blou kolle en kneusings by die skool op. Die onderwyser sien dit.

"Wat het met jou gebeur, Mike?"

"Wel, antwoord Mike, "kort nadat ek 'n Ier geword het, het twee blerrie Arabiere my

Het jy geweet?

Mense wat die lewe geniet het selde plat mae.

Piet kla by sy vriend dat sy oë nou so sleg is, hy moet met 'n vergrootglas lees.

Vriend: "Myne is nog slegter. Ek moet saans olifante pleks van skape tel om aan die slaap te raak."

DREIGEMENT

Die man is op pad voordeur toe toe sy vrou agter hom aanroep:

"Ek hoop jy dink twee keer voordat jy kroeg toe gaan!"

Man: "Dis al waaraan ek nog heeldag dink."

BUFFERPLAKKER

Ek sien 'n kar met 'n bufferplakker. Dit lees:

"Ek is 'n veearts. Ek kan ry soos ek wil."

Toe besef ek skielik hoeveel ginekoloë daar op die pad is.

WRAAK

Die vrou ontmoet 'n vriend wat sy lanklaas gesien het in 'n restaurant en hy bestel haaspastei.

"Ek dog dan jy is 'n vegetariër?" sê sy.

"Ja," sê hy, "maar ek neem nou wraak op die haas wat my slaai opgevreet het."

GOOGLE

Die man sit voor sy rekenaar.

"Ag, nee, Google!" roep hy.

"Hou op om soos my vrou te maak! Laat my eers die sin voltooi voor jy met allerhande slim voorstelle kom!"

NOG TE JONK

Die seun vra sy pa of hy nou sy motor mag bestuur – hy dink hy is al oud genoeg.

"Ja, maar my kar is nog nie."

GROEI

Wanneer groei 'n kind die vinnigste?

Die maand nadat jy sy nuwe skoolklere gekoop het.

ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Ag, hoe water my mond vir daardie dae!

Deur HERMAN LATEGAN

In hierdie dae van waterskaarste wat soms ook kan lei tot 'n droogte in 'n mens se gemoedstoestand, dink ek terug aan klein kolle van oorvloed, maar veral sekere mense uit daardie era.

Dit was die middeltagtigerjare en ek het as kelner gewerk om as student en swerwer 'n ekstra inkomste uit footjies in van die Kaap se top eetplekke te verdien. Dit was die tyd van *liquid lunches* (die ironie).

Water was die heel laaste ding waaraan restaurantgangers gedink het, al was dit in oorvloed. Ten spyte van die gespanne en snaarstye politieke toestand, was dit die periode van lang en uitgerekte noenmale, Meerlust Rubicon, groot krewes, volop perlemoen en biefstukke wat van jou bord afgehang het.

Die borde was so groot soos waatlemoene en net so swaar as jy hulle na die tafels aangedra het. Maar dit was van die klante wat my bybly. Daar was diegene met interessante gewoontes, ook dié wat goeie of slegte footjies (ten spyte van puik diens) nagelaat het.

Die eetplekke was die Upper Crust, Rozenhof en Die Kaapse Tafel, almal in die Kaap se stadskom. 'n Gereelde besoeker by eersgenoemde was die ou rugbyman Jan Pickard.

Hy was 'n gawe man, maar het verskriklik gemompel. Ek het dus dikwels tot my skaamte die verkeerde dis na hom aangedra, wat hy maar gewillig geëet het. Hy het aljimmers 'n ruim footjie gelos, nes Winnie Mandela, Bantu Holomisa, die Groot Krokodil se Elize Botha en die ou statige heer Anton Rupert.

Vir mnr. Rupert moes jy permanent sorg daar is sout op die tafel. Hy het dit gebruik as lakmoestoets op onwetende gaste. As hulle sout op hul kos gooi voordat hulle daaraan proe, het hy geweet: Hierdie persoon maak waarskynlik nie ingeligte besluite nie.

Dalene Matthee kon wild vloek as sy met haar gaste praat . . .

Die selebriteitjoernalis Barry Ronge het nooit 'n *tip* gelos nie, ook nie regter Dennis Davis nie. Vir die stigter van Trust Bank, Jan S. Marais moes jy vooraf die volgende reg hê: 'n Bakkie met heuning, knoffel en gemmer.

Dit het hy dan langsaam op sy eie vooraf verorber. Daar was herhaaldelik 'n nuwe aanvallige en lang vrou saam met hom, en hy het 'n mooi en modieuse rooi sakdoek in sy baadjie se boonste sak laat praal. Hy het aan 'n statige ou Lord herinner.

Dalene Matthee kon wild vloek as sy met haar gaste praat, nogal verfrissend so tussendeur al die spoggerige en fluisterende mense by die ander tafels. Die ouduitgewers Danie van Niekerk, Koos Human en Kerneels Breytenbach (laasgenoemde blywend met 'n strikdas) was altyd deftig en sjarmant.

Daardie was die dae toe uitgewers oor lang etes skrywers soos adel behandel het en menigte idees vir nuwe boeke bespreek is.

Hoe water my mond vir daardie dae, en dit nogal so in die huidige droogte.

Footjie s.nw. Geskenkie in geld aan 'n werker vir bewese dienste of gedane moeite, gebruiklik in die restaurant- en hotelbedryf. Uit Nederlands. Foor. Vroeër in Afrikaans as anglisisme beskou, maar tans algemeen gebruiklik. – Etimologiese woordeboek van Afrikaans (G.J. van Wyk et al)

♦Hierdie artikel het in Rapport verskyn en word met erkenning en die skrywer se goedkeuring geplaas.

Ek het vandag geleer die gemiddelde persoon drink tien glase rooi wyn per week. Ek het ook geleer dat ek bogemiddeld is.

Die kaalkopman met die houtbeen

'n Man met 'n kaalkop en 'n houtbeen word na 'n kostuumbal genooi. Hy weet nie wat om te dra on sy kaalkop en sy houtbeen te verbloem nie, en skryf aan 'n kostuumwinkel en verduidelik sy probleem. 'n Paar dae later kry hy 'n pakkie met 'n briefie daarby:

"Beste Meneer

Hierby ingesluit is 'n seerower se uitrusting. Die sakdoek met kolle sal jou kaalkop verbloem, en met jou houtbeen is jy uitgeknip vir die rol."

Die man is ontstoke omdat hulle juis sy houtbeen beklemtoon, en hy skryf 'n baie kwaai brief terug. 'n Week later kry hy weer 'n pakkie met 'n briefie:

"Beste Meneer

Ons vra verskoning vir ons vorige voorstel. Hierby ingesluit is 'n monnikskleed. Die lang toga sal jou houtbeen versteek, en jou kaalkop is perfek vir die rol."

Nou is die man eers woedend omdat hulle sy kaalkop beklemtoon. Hy skryf 'n erg-gelaaide brief terug. Die volgende dag kry hy 'n klein pakkie in die pos.

"Meneer

Hierby ingesluit is 'n blik gouestroop. Gooi die stroop oor jou kop uit, steek jou houtbeen in jou gat op en gaan as 'n toffie-appel."

Jy kan dalk 'n boer wees as ...

- Jy op 5 Junie nog 'n kortbroek dra
- Jou jaarlikse dankoffer skaap- mowwe, bees of graan insluit.
- Jou werknemers jou 'Lanie' noem en jy nie omgee nie.
- Jy die weer beter kan voorspel as die SABC.
- Jou radio iewers tussen 100 en 103 staan.
- Jy meer buite pie as in die huis.
- Jy elke keer moet gaan was en mooi aantrek as jy 'n kar hoor aankom.
- Jy die woord 'jel' net gebruik in sinne soos 'jel, maar dit is koud' of 'jel, maar nou is ek honger'.
- Jy naastenby enigiets kan regmaak met isoleerband, 'n tang en 'n stukkie binddraad.

Verstommende perd

'n Man van Gauteng het deur die Karoo gereis toe sy kar gaan staan. Hy het die enjinkap oopgemaak en probeer sien wat die fout is.

Net toe kom 'n perd aan die ander kant van die draad, leun oor en sê: "Probeer die brandstofpomp, hy is waarskynlik verstop."

Die motoris was so verstom dat hy na die naaste plaashuis gehardloop en aan die boer vertel wat gebeur het.

Die boer het gefrons, en sê: "Was dit 'n wit perd met 'n kol aan die een kant van sy gesig?"

"Ja," sê die motoris opgewonde, "dit was hy!"

"Wel," brom die boer, "moenie jou aan hom steur nie. Hy weet niks van enjins nie."

As jy op die vloer kan lê sonder om vas te hou, is jy nie dronk nie. ~ Dean Martin



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

LOUW

Die maand se vanne:

Erasmus fanie@trutech.co.za

Begin my familie navors en soek enige inligting oor Erasmusse hoofsaaklik vanaf Alberton Daleside, Meyerton & Vereeniging omgewings in Gauteng. My Oupa is n Petrus Johannes en was getroud met Wilhelmina Fredrika Sophia Coetzee of Coetzer moontlik oorspronklik vanaf Ugie in die Oos Kaap.

My pa was Willem Jehelms getroud met Johanna Jakoba Isabela Jordaan vanaf Daleside - Hulle is altwee oorlede in 2005 in Nigel. Die Erasmus familie was baie groot - Oupa/Ouma Erasmus het 13 kinders gehad.

Ek het geen kontak met enige van hulle nie. Ander vanne wat in getroud was, sover ek kan onthou is

De Kok, Van Schalkwyk, Gouws, Oosthuisen, Delpont. Enige iemand met inligting kontak my asseblief.

Beukes sarahbeukes@gmail.com

Ek is op soek na die Beukes Famielie van Volksrust. Petrus Beukes is in die 60's oorlede in 'n skietongeluk. Petrus se pa het in die Wakkerstroom distrik geboer.

Meyer Karoo.shirleyleroux@gmail.com

Coenraad Josephus Meyer. Gebore 9 Julie 1926. Oorlede 14 Oktober 2006. Geboorte vermoedelik geregistreer te Calitzdorp. Was later woonagtig te Oudtshoorn. Was getroud met Johanna Magdalena Meyer gebore 8 Februarie 1926.

Nog vanne wat ingekom het: Scheepers en Harmse.

Skotse humor

- Die Skotte het 'n onfeilbare oplossing vir seesiek. Hulle leun oor die kant van die skip met 'n muntstuk tussen hul tande.
- McDougal stap by die viswinkel in. "Ek soek 10 pennies se tjips met baie sout en asyn en 2 pennies se piekeluie. En draai die hele lot in vandag se koerant toe."
- 'n Skot, Engelsman en Aussie bestel 'n nuwe rondte bier en elkeen kry 'n vlieg in sy bier. Die Engelsman haal die vlieg met sy Switserse weermagnes uit. Die Aussie het syne saam met 'n klomp skuim weggeblaas. Die Skot het sy bier aangekyk, en gesê: "Komaan, spoeg dit uit, jou duiwelse vlieg."
- Daar is 'n gerug wat lui dat die Grand Canyon begin is deur 'n Skot wat 'n muntstuk in 'n sloot verloor het.
- Angus kom by sy vriend Donald, wat besig was om muurpapier af te skraap. "Ek sien jy is besig om te dekoreer." "Nee, ek is besig om na 'n ander huis te trek."

Die soldaat se fout

Die trein was stampvol en die Amerikaanse soldaat het loop en soek vir 'n sitplek. Al oop een was beset deur 'n middeljarige Franse vrou se poedel.

Die oorlogmoë soldaat vra: "Madame, mag ek daardie sitplek kry?"

Die Franse vrou het net gesnuif, en vir niemand in die besonder nie vertel hoe onbeskof Amerikaners is.

Die soldaat het verder gesoek, sonder sukses.

"Asseblief, madame, ek is baie moeg. Ek wil graag sit."

Die vrou het net gesnork en gesê:

"Amerikaners is nie net onbeskof nie, hulle is nog arrogant ook."

V: Wat is die verskil tussen 'n feëverhaal in die noorde van die VSA en die suide?

A: In die noorde begin hulle met: "Once upon a time." In die suide begin hulle met: "Y'all ain't gonna believe all this shit . . ."

V: 'n Brunet, 'n blondine en 'n rooikop as al drie in Gr. 8. Watter een het die grootste tieties?

A: Die blondine, want sy is al 18.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Ons het almal begin wonder wat die nuwe ster met die lang stert beteken het. Sou dit reën bring?

**HERMAN
CHARLES BOSMAN**

Hans Engelbrecht was die eerste boer in die Schweizer-Reneke-distrik wat getrek het (het oom Schalk Lourens gesê). Met sy vrou en sy dogter, en wat oorgebly het van sy beeste, het hy weggetrek na die noordelike hange van die Dwarsberge toe, waar die droogte nie so swaar gedruk het nie.

Ons het in verskillende rigtings weggetrek. Vier of vyf gesinne het uiteindelik aan die voet van die Dwarsberge, naby die plek waar Hans Engelbrecht uitgespan het, halt geroep. In die uitgestrekte area van die Schweizer-Reneke-distrik het net een man verkies om agter te bly. Hy was Ocker Gieljan, ’n jong bywoner wat sedert sy kinderjare vir Hans Engelbrecht gewerk het.

Op die oggend ná die ossewa gepak was en die lang span osse wat net vel en been was, padlangs begin strompel het noorde toe, was Hans Engelbrecht net gedeeltelik verras dat Ocker Gieljan dit duidelik gemaak het dat hy nie die plaas gaan verlaat nie. Die voorloper het reeds sy plek voor die span osse ingeneem, en Hans Engelbrecht se vrou en sy agtienjarige dogter, Maria, het op die wa onder die tentseil gesit, toe Ocker Gieljan skielik aangekondig het dat hy besluit het om op die plaas agter te bly om “na dinge om te sien”. Hans Engelbrecht was in geen bui om met ’n bywoner te argumenteer nie. Gevolglik is ’n halwe sak mieliemeel en ’n hoeveelheid biltong voor Ocker Gieljan se moddermuurkamer afgelaai.

Daar het toe ook ’n tyd aangebreek dat daar vir Hans Engelbrecht aan die verstand gebring is dat die Here nog meer moeilikheid op hom en sy familie besoek het. ’n Klein rukkie voor ons van ons plase af weggetrek het, het ’n jong assuransie-agent die distrik verlaat – skielik – Kaapstad toe. Dit was ’n lang afstand om weg te hardloop, veral as jy daaraan dink hoe sleg die paaie in daardie dae was.

Ná ’n ruk het dit ’n algemene gesig geword om Maria in die gras langs haar pa se wa te sien sit en huil. Min het medelye met haar gehad. Sy moes seker te dikwels met daardie assuransie-agent in die gras gesit het, het Lettie Grobler aan sommige vrouens gesê – vergetende dat, in daardie tyd toe daar by Hans Engelbrecht se dogter aangelê is, daar geen gras in die veld in die Schweizer-Reneke oorgebly het nie.

’n Ander vrou het gesê dat dit maklik vir Maria was om die trane van haar gesig af te vee. Makliker as om haar skande weg te vee, het die vrou bedoel.

’n Ander vrou het gesê dat dit maklik vir Maria was om die trane van haar gesig af te vee. Makliker as om haar skande weg te vee, het die vrou bedoel.

□ □ □ □

Af en toe het ons, wat uit die geteisterde geweste getrek het, ’n paar waardelose dinge daarvoor gehoor. Dit was by monde van een of ander reisiger wat deur Schweizer-Reneke beweeg het. Ocker Gieljan was steeds op die Engelbrechts se plaas, het ons gehoor. En die enigste ander lewende skepsel in die hele distrik was ’n stokalleen kraai. ’n Verbygaande reisiger het Ocker Gieljan by die boorgat gesien waar hy besig was om water in ’n trog vir die kraai te pomp, het die reisiger gesê.

“Wanneer sy mieliemeel opraak, sal Ocker wel sy pad hiernatoe kry,” het Hans Engelbrecht ongeduldig gebrom.

Toe het die nag gekom, daar waar ons langs die Malopo gekampeer het, dat ons vir die eerste keer die komeet op ’n plek bokant die Dwarsberggrante, waar die son ondergegaan het, gesien het. Ons het almal begin wonder wat die nuwe ster met die lang stert beteken het. Sou dit reën bring? Ons het nie geweet nie. Ons kon natuurlik sien dat die ster ’n voorbode was. Maar ons het nie geweet watter soort voorbode dit was nie.

Ons het baie dinge geweet van die veld en die lug en die seisoene. Maar selfs die oudste Vrystaatse boer tussen ons het nie geweet watter uitwerking 'n komeet op 'n mielie-oes sou hê nie.

Hans Engelbrecht het gesê ons behoort dominee Losper te laat kom. Hy was die sendeling wat as geestelike onder die Betsjoeanas by Ramoutsa gedien het, maar die res van ons het die voorstel geïgnoreer.

Gedurende die daaropvolgende nagte het die komeet duideliker sigbaar geword. Die verskyning van die komeet het konsternasie onder die Betsjoeanas in die dorpie van Ramoutsa, waar die sendingstasie was, veroorsaak. Sommige van hulle stories oor die ster het nie lank geneem om ons uitspanplek aan die anderkant van die Malopo te bereik nie.

Gou daarna het 'n klomp ander stories uit 'n wilder deel van die Bosveld begin kom. Hoe verder 'n stam van die beskawing af gewoon het, so het dit gelyk, hoe meer was die inligting oor die komeet in detail en betroubaarheid.

Ek weet dat ek begin voel het dat Hans Engelbrecht in die eerste plek die regte voorstel gemaak het toe hy gesê het ons behoort die sendeling te laat kom. Ek het daarvan bewus geword dat 'n aantal ander mense in ons kamp die gevoel met my gedeel het, maar niemand het dit openlik erken nie.

Lettie Grobler het gesê dat die Here aan die afdaal was om ons almal te straf vir Maria Engelbrecht se sondes. Hierdie gedagte het ons heelwat ontstel, en ons het begin om gegrief te voel oor Maria se teenwoordigheid tussen ons. Dit was toe dat Hans Engelbrecht die sendeling laat kom het.

□ □ □ □

Intussen het dominee Losper sy hande vol gehad met die Betsjoeanas by Ramoutsa, wat gelyk het of hulle enige oomblik 'n punt van ernstige paniek kon bereik. Die jongste storie oor die komeet het hulle so pas bereik, en omdat dit van êrens uit die donkerste deel van Afrika gekom het, oorgedra deur die getrommel van die tam-tams, was dit die mees vreesaanjaende storie van almal. Gevolglik, vanweë die opskudding by Ramoutsa, het dit gebeur dat Ocker Gieljan voor dominee Losper by die kampplek aangekom het.

Toe Ocker Gieljan daardie middag by Hans Engelbrecht se wa aangeloop gekom het, het hy baie moeg en vol stof gelyk. Hy het sy hoed afgehaal en, met ietwat van 'n glimlag – sonder om te praat – in die skaduwee van 'n veldtent, waarbinne Maria Engelbrecht op 'n matras gelê het, gaan sit.

Nóg Hans Engelbrecht nóg sy vrou het Ocker Gieljan iets oor sy loop van die plaas af uitgevra. Hulle het geweet dat hy niks sou gehad het om te vertel nie.

Kort daarna het Ocker Gieljan, beskroomd, 'n gesprek met Hans Engelbrecht gehad – hy het skugter gepraat. Daarna het Hans Engelbrecht by die tent ingegaan en met sy vrou en dogter gepraat. 'n Paar minute later het hy uitgekóm, en heel tevrede met homself gelyk.

□ □ □ □

“Sit hier op die riempiestoel, Ocker,” het Hans Engelbrecht aan sy aanstaande skoonseun gesê, “en vertel my hoe die gekom het dat jy die plaas verlaat het.”

“Ek het eensaam begin voel,” het Ocker Gieljan peinsend gesê.

“Oom sien, die kraai het weggevlieg, en daarna was ek alleen. Die kraai was teen daardie tyd reeds baie verswak. Hy het nie reguit gevlieg soos 'n kraai maak nie. Sy vlerke was waggelrig.”

Toe Hans Engelbrecht my jare later hiervan vertel het, het hy gesê dat iets in Ocker Gieljan se stemtoon hom skielik 'n visioen laat sien het op die manier wat sy dogter, Maria, ook die Schweizer-Reneke-distrik verlaat het. Met gebroke vlerke.

'n Rukkie later met sy aankoms by die kampplek, het ek gedink dat dominee Losper verlig gevoel het om te vind dat, al wat toe van hom verwag was, was die voltrekking van 'n huwelikeremonie.

Die tweede nag daarna is Maria Engelbrecht se kind gebore. Al die volwassenes in ons klein trekkegemeenskap het in die nag en die reën – wat voortdurend vir 'n hele paar uur lank al geval het – met presente vir Maria en haar kind gekom.

En toe ek die ster weer gesien het – die reënwolke het bietjie oopgetrek – het dit vir my gelyk of dit, op die ou end, nie so 'n nuwe ster was nie. Dit was inderdaad 'n baie ou ster.

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:
www.onsdorp.com/ekstra.html

